# HEBREËRS 1:1-5

## TEMA: Afdruksel en Afskynsel (Kopiereg van God)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREERS 1:1-5**

**Heb. 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun**
**Heb. 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.**
**Heb. 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,**
**Heb. 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.**
**Heb. 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?**

-o0o-

Ten einde geestelik te groei, hang dit af van jou en my om dieper in God se Woord te delf. Baie keer gee die Here vir ons net 'n raamwerk en dan verwag Hy van ons om daardie Brood te eet, daaroor te mediteer, daaroor te bid en na te vors. Hoe dieper jy bestudeer, ontdek ieder en elk iets anders in die Woord.

'n Klomp beeste word in 'n kamp gejaag. Hulle eet almal dieselfde gras maar die gras het op elkeen van daardie beeste se liggame 'n ander effek. Ons is ook Woord herkouers. Ons is rein "diere".

- Ons neem die Woord in, mediteer daaroor, bid daaroor en neem aan dit wat vir ons is. Dit is nie te sê dat as 'n Woord nie vir jou is, dat dit verkeerd is nie.
- Ons kan nie die Woord oordeel nie, want ons het geen reg daartoe nie. Ons moet aanneem dit wat God deur Sy Gees wil openbaar.
- Verder het ons ook 'n verantwoordelikheid teenoor die Woord; jy het dit geëet en daarom moet jou geestelike spysverteringstelsel dit verwerk.

En dit is wat godsdiens is.
Godsdiens sê: "ek wil net van Hom hoor".
Maar 'n verhouding: sê "ek wil Hom dieper leer ken".

Met hierdie oordenking kan ek net vir jou iets gee, net saad in jou lewe saai, maar jy moet daardie saad vrugbaar maak en toelaat dat die saad vrug word, groot opgroei en vrug dra in jou lewe. Dan sit jy kennis om in wysheid. Ons moet onthou ons kan nooit wysheid saai nie, ons saai kennis. Die professor staan in 'n klas en hy dra net kennis oor maar die student moet daardie kennis eendag omsit in wysheid. Sodra die kennis wat hy ontvang het begin vrug dra in sy lewe, dan eers kan hy funksioneer.

Dit is waar baie mense stop. Hulle stop met kennis, en dan kan die Here niks deur hul doen nie. Maar dit is nie wat God wil hê nie. Ons saai gedurig saad maar jy moet daardie saad omsit in wysheid. Neem aan dit wat vir jou is, mediteer daaroor, bid daaroor en maak dit deel van jou lewenswyse sodat die woord in jou kan lewe kry en kan groei in die Woord.

-o0o-

## 1. DOEL VAN DIE PROFETE

**Heb. 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun**

Ons lees in die Ou Testament van verskillende verbonde (covenants) wat deur God ingestel is. Die primêre doel van hierdie verbonde was die voorspelling en voorbereiding vir die koms van die lieflingskind, die Messias. Daarom is die Ou Testament (die wet en die profete) heenwysings na Christus Jesus, die Woord, wat vlees moes word. Terwyl God in die ou tyd op vele maniere deur die profete gespreek het, spreek Hy nou deur Sy Seun**.**

## 2. ERFGENAAM

**Heb. 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het**.

Die wêreld is deur die Woord, deur Christus Jesus gemaak.
Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
Joh 1:2 Hy was in die begin by God.
Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Christus Jesus het met 'n doel na hierdie aarde gekom en Hy moes die doel vervul wat die Vader vir Hom gehad het. Hy moes God die Vader aan die mensdom openbaar.

## ❖ Afskynsel en Afdruksel

**Heb. 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte***,*

**A. Die Vader wou Homself in die Ou Testament aan Sy volk Israel openbaar.**

- Die Vader het Sy liefde, omgee, Sy hele wese, Goddelike natuur, Sy Godheid, Sy Goddelike heerlikheid openbaar deur hierdie verbond wat Hy met Sy volk, deur Moses, gemaak het.
- Moses se gesig het geblink na sy ontmoeting met God op die berg Sinai.

*B.* **Op dieselfde manier kom God die Vader nou in hierdie dae en Hy openbaar Homself deur die Woord, Sy Seun aan ons**.

- Hy het in die volheid van Sy heerlikheid gekom, in Christus Jesus, om Homself, Sy liefde, Sy voorbeeld, Sy Godheid, Sy omgee, Sy hele wese aan my en jou te openbaar deur die Woord.

Dis waarom Hy sê die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte**,**

**C. Christus Jesus is die volmaakte eindresultaat van God se liefde vir my en jou.**

- Die diepte van Sy Vaderskap, Sy hele Godheid se wese pas Hy toe (implementeer) en openbaar Homself aan my en jou deur dit in Christus volkome kon word.

## ➢ Pa en Seun

**Heb. 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.**

**Heb. 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?**

Kom ons staan hier vir 'n oomblik stil. As 'n Joodse man 'n seun het dan maak hy daardie seun groot om 'n duplikaat van homself te wees. Hy bring ten uitvoer sy hele wese, sy kennis - sy hele alles bou hy in hierdie seun op.

-o0o-

- Al die kennis, al die lewenslesse wat hy geleer het, dra hy aan hierdie seun oor. Hy lei hom op om te verseker dat dit wat hy het, voortgesit kan word in die seun se lewe. Hy wil verseker dat die seun dit wat hy as pa het, verder sal neem, en sodoende nog 'n groter sukses daarvan kan maak.
- Op 13 jarige ouderdom word die seun dan amptelik as man verklaar tydens 'n seremonie. Die pa neem hom dan na 'n markplein waar hy 'n openbare baie luidrugtige verklaring maak; wat onder andere die volgende behels:
  - Hierdie is sy seun in wie hy 'n welbehae het.
  - Hy aanvaar alle verantwoordelikheid vir hoe die seun sy lewe verder sal lei.
  - Hy wys die gemeenskap daarop dat hulle hom ken as 'n eerlike, opregte man; iemand wat nie 'n leuenaar of lafaard is nie, ensovoorts.
  - En dan sê hy: daar is my seun, hy sal wees soos ek is.

### 3. VADER SE BEKENDMAKING

Dis presies wat die Vader gesê het toe Hy dit van Jesus gesê het.
Die Vader het 3 keer hierdie proklamasie gemaak en drie keer beteken die krag van God se eenheid wat saamwerk.

Dit was 'n openbare verklaring wat God die Vader gemaak het en gesê het: Sien julle daar is My seun?
Hierdie Seun is alles wat Ek is. Daarom sê Hy Ek sal vir Hom 'n Vader wees en Hy sal vir My 'n Seun wees.
Heb. 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?

- Dus, as julle die Seun sien, sien julle My, want alles wat Ek is sal Ek openbaar deur My Seun.
- As julle Hom ken sal julle My ken.

Julle kan My nie nou sien nie daarom sê Hy in vers 1 Hy het hom eers geopenbaar deur die wet en die profete
Heb. 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die **profete**, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die **Seun**

Nou bring Ek vir julle die volmaakte voorwerp van Myself en dit is My Seun.
- Ek het myself oorgedra in My seun.
- Die profete het in die verlede maar net stukkies geopenbaar en daarom het julle net ten dele geken maar dit was alles 'n heenwysing na die Seun.
- Maar nou is My Seun daar en in My Seun het Ek my wese geopenbaar sodat julle deur My Seun My kan sien.
  - As julle My Seun sien, sien julle My.
  - As julle My Seun se liefde ervaar, ervaar julle My liefde.
  - As julle My Seun se genesing ervaar, ervaar julle My genesing.
  - As julle My Seun se voorspoed ervaar, ervaar julle My voorspoed.
  - Alles wat in My Seun is, is Ek. Ek is in My Seun en My Seun is in My. Ons is een.

Dit is die proklamasie wat Hy gemaak het.

-o0o-